

KAMMANUUS

Nr. 432 16 Oktober 2017

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER



Rou vis en rissies in die asvaal Peru

Hoofstuk 3 Deel 21

As Kalaharikind vertel hulle my al van laerskool af dat ek in 'n woestyn grootgeword het. Groot fout. Kom kyk hoe lyk dit rondom Lima, die hoofstad van Peru. Dis 'n skok vir die sintuie. Mens dink eers die vliegtuig se vensters is vuil van baie stowwerige landings. Ons land laatmiddag in 'n landskap met vyftig skakerings van bruin. Eintlik meer variasies van vaal.

Die Peruviane kan nie onthou wanneer dit laas in Lima gereën het nie. Die huise se dakke is almal plat en nie een het 'n geut nie. Dis ook duidelik dat Peru die plakkerskamp idee begin het. Arm, brandarm, Peru. Sommer buite die lughawe begin die gehuggies hulself al inryg. Hulle steek nie hulle armes weg nie.

Soos ons die middestad nader, begin die ander kleure darem uitkruip en namate die geboue hoogte kry, is jy gou weer in enige ander besige metropool in die wêreld. My nuwe base het gewaarsku dat gringo's liewer nie self moet bestuur nie en by die eerste groot besige kruising vind ek eerstehands uit hoekom.

Soos in die Filippyne, bestaan daar 'n unieke bestuurskultuur. Die verkeersligte is rooi aan ons kant en ek besef dat die bestuurder nie gaan stop nie.

Intendeel, hy gee vet. Ritmies speel hy 'n deuntjie met sy toeter. Krampagtig grawe ek my kneukels in die sitplek in. Voor ek enige geluid kan uitkry, is ons oor die kruising. Die taxi uit die ander rigting swiep rakelings agter ons verby. Gelukkig is die strate wyd en kan mens darem aankomende verkeer betyds raaksien of raak hoor sodat jy tyd het om jouself behoorlik te bevuil.

My firma het my sterk aangeraai om ten alle tye ten minste tien dollar Amerikaans in my paspoort te reg hou. Wanneer 'n verkeersbeampte jou aftrek, moet al die insittende gringo's help betaal aan sy salaris. Ook maar goed hulle vertel mens want probeer jy byvoorbeeld so iets in Chili, sluit hulle jou daar en dan toe.

My hotelletjie is loopafstand van die hoofplein. Soos in Parys, (die een langs die Seine) is daar oral restaurante met die helfte van hul tafels op die sypaadjie.

Daar heers 'n ontspanne rustigheid tussen die oggend se koffiedrinkers. Elke spyskaart spog met Peru se nasionale voorgereg. Chevice is rou vis wat fyngekap en gemarineer word in 'n asynsousie saam met rissies en uie.

Ook nie links nie, werk ek een deur en is vandag steeds verslaaf daaraan. Die brand word afgekoel en afgespoel met 'n Sol of twee uit Meksiko. Elkeen van die biere het 'n vars skyfie suurlemoen bo in die bek van bottel. Oorkant die straat is die boomryke sentrale park. In die ruimtes tussen die mallemeule, speelrame en wipplanke, stal elke aspirant skilder van Lima sy kleurrike kunswerke uit.

Terug oor die pad is daar 'n samedromming van ou toppies in 'n opening tussen die restaurante.

Ry op ry staan die skaaktafels, elkeen met 'n stel op en twee manne wat haaks is met Ajidrez. (onthou mens spreek die j as 'n g uit) Omtrent elke tafel het 'n klompie toeskouers. Na elke skuif word daar na mekaar oorgeleun en gefluister. My lus hang uit. Tot my spyt moes ek uitvind mens kry nie sommer gou sitplek by die tafel nie. Jy meld aan en moet dan geduldig jou beurt afwag. Na so 'n uur se staan en kyk, leer ek sommer baie skaaklesse. Ook maar goed ek kry nie 'n beurt nie, ek kon my naam lelik krater gemaak het. Ek begin die idee kry, hierdie Peru gaan sommer nog 'n lekker plek word.

Hennie Greeff

UITGEWER

Onrusrivier

pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

DIE BOEREOORLOG

Krygsgevange Boer ontsnap in houtkrat van St. Helena



'n Eeu gelede is baie Boere-stryders in die Anglo-Boereoorlog as krygsgevangenes deur die Britse militêre na kampe op eilande en vastelande weggevoer.

Een van dié eilande was St. Helena in die Atlantiese Oseaan. Dit is so afgesonder, dat dit ondenkbaar is om hoegenaamd daarvan te ontsnap.

Tog het 'n vindingryke Boer 'n plan bedink, en byna daarin geslaag om die onmoontlike reg te kry.

Kmdt. A. Smorenburg is in die oorlog naby Boshof gevange geneem. Hy is uiteindelik saam met ander krygsgevangenes per skip na St. Helena weggevoer waar hy in die Deadwood-kamp aangehou is.

Teen die einde van 1901 het hy 'n merkwaardige plan bedink om sy vryheid terug te kry. Hy wou aan boord van een van die min besoekende skepe kom en Europa probeer bereik. Daar sou hy die Boeresaaik bepleit, het hy gedink. Hy het bemerk dat bagasie van die eiland wat vir die weeklikse posskip bestem was, in die middag voor die vertrek reeds by die landingsplek opgestapel is. Dit is dan die volgende oggend per skuit na die wagtende skip in die baai vervoer.

Smorenburg het 'n houtkrat verander sodat drie kant van binne af oop- of toegemaak kon word. Hy het hierdie luike met ysterbande gekamoufleer. Verder het hy ook 'n voorraad water en voedsel vir 'n geskatte twintigdaagse reis in die kis verpak. Daar was net genoeg ruimte om sy liggaam van meer as 2 m in 'n gebukkende houding te bevat.

Aan die buitekant van dié kis het hy in groot letters aangedui dat die inhoud "Boer Curios" was. Die afsender was ene De Wet Hamer en die bestemming 'n bekende kaptein van die Gloucester-regiment in Brittanje. Verder het hy geskryf: "With Care" en "This Side Up".

Smorenburg het die voltooide krat op 20 Desember deur bemiddeling van vriende met die ambulanswa na Jamestown gestuur, waar die skeepsagent dit as bagasie ontvang het.

Smorenburg het ná die skip se vertrek uit die kis geklim en hom in die donker bedompige ruim gemakliker probeer inrig. Dit was so warm dat sy watervoorraad vinnig verminder het.

Op Kersfeesoggend het die skip Ascension-eiland bereik en is die ruim geopen om sakesake en bagasie te verwyder. Volgens tweede offisier John Attwood het een van die matrose 'n figuur in die ruim gewaar wat hy as 'n spook aangesien het. Die gevolg was dat kaptein Eaton Travers al die bagasie deeglik laat ondersoek het.

Toe Smorenburg se kis bereik is, het hy benoud van binne af laat hoor: "Stop! I'll come out!" en die daad by die woord gevoeg.

Na ondervraging is Smorenburg weer op 30 Januarie 1902 aan boord van die Gibraltar vanaf Ascension na St. Helena teruggestuur. Daar is hy vanaf 4 Februarie in die militêre tronk by Deadwood aangehou en is op 13 Februarie deur 'n krygsraad verhoor.

Daarna is hy in die Fort High Knoll-gevangenis aangehou. Na afloop van die vrede is hy na Suid-Afrika teruggestuur en het later 'n belangrike amptenaar van die Stadsraad van Johannesburg geword.

♦Een Boer – ene De Villiers – het wel uit 'n kamp in Indië ontsnap deur hom as 'n Indiër te vermom.

Duskantlander in Anderkantland

Akkra skrik nie vir kleur nie

Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana.



Vanoggend voel ek minder roos en meer veldblommetjie. Net na nege en dis reeds 32 grade Celsius en hierdie hitte smelt my grimering en maak danswalms op mouters se bakwerk. Hierdie über moutertjie se lugversorger is lankal kapoet en die vensters hang halfmas oop. In slakverkeer kan ek rustig terugsit en die bont spul van Akkra se strate bekyk.

Afrika skrik mos nie vir kleur nie, mense se modestyl is die rede vir goeie vermaak. Die jongere geslag se meisiekinnere is loshande die voorlopers vir waaghalsigheid. Hulle moor hulleself deur op absurde hoëhakke en lykrarokke die oneweredige sypaadjies aan te durf. Dit veroorsaak 'n kettingreaksie van dapper jongmanne wat soos wafferse poue te probeer kersvashou. Salmpienk spanbroeke en hemde in helder spatsels van blou en groen, met bygaande blink puntskoene en donkerbrille is algemeen. Die ouer dames dra tradisionele bont Afrikarokke en kopdoeke, en die ouer mans dra vaal formele pakke of netjiese langmouhemde en langbroeke.

Akkra se ses miljoen plus mense slaap min. Lank voor sonop begin die verkeer se druk opbou. Vrouens sit om kospotte op sypaadjies en berei vetkoeke en gebraaide kositems net daar voor. By elke robot is die gemiddelde 3-minuut wagtyd genoegsame tyd om straatkos, toiletpapier, motorplakkers, Bybels, CD's, tafeldoeke, kougom, selfoonlugtyd of kragkabels, aan te koop. As dit draagbaar is, kan jy dit sekerlik iewers deur jou venster aankoop.

Straatverkopers met 'n glimlag teen vroeëand verbaas my altyd. Dink jou in hoeveel keer per dag daar vir hulle "nee" gesê word! Daar is honderde van hulle, van voor sonopkoms tot laataand. Elke nou en dan spat en hol hulle dat jy net plakkies sien waai, want dan kom die polisie die smouse verjaag, maar môreoggend is hulle terug, met groot glimlagte.

Dit neem lank om al die bedelaars gewoon te raak. Blindes word deur jong kinders by verkeersligte rondgelei, hulle klop-klop aan jou venster en prewel 'n onsamehangende gesanik en druk 'n bakhand onder jou neus in. Polio is baie algemeen hierlangs, en halwe mense op skaatsplanke rits behendig deur verkeer en klop-klop aan die mouter se bakwerk, bakhand op wielhoogte.

Lammes trek hulleself tussen rye mouters deur met rolstoele wat hulle soos fietstrap voor hulle roei. Na etlike weke herken jy dieselfde Niger-bedelaars. Iewers onder 'n koeltetjie sal die ouers met skrefiesoë sit terwyl kinders tussen drie jaar tot so 12 jaar op 4x4 motor's se opklimtrappe spring en 'n paar meter saamry. Hulle gryp voetgangers onverwags en slaan hulle arms om hulle bene of hang aan hulle arms. Mense gooi 'n paar munte en skarrel om weg te kom. Party verskree hulle en ander versnel met 'n berekende pas en ignoreer hulle.

Met daaglikse druk verkeer sien ek min ernstige ongelukke, maar mense skraap mekaar se mouters, en soentjie mekaar se buffers. Dan spring die bestuurders uit en gil en skree. Soos klokslag vergader 'n bondel en almal pleit vir vrede, en sodra die bestuurders stoom afgeblaas het, verdwyn die skare en kruip die verkeer weer aan.

Groot strate se toestande is beter as wat mens verwag deur die stad, maar die woonbuurte en agterstrate is haglik. Langs elke pad is onooglike diep rioolvore en hier en daar is daar metaalstawe wooroor mens kan ry. Dikwels sien jy 'n lendelam lorrie met 'n agterwiel vasgeval in so sloot. Daar is geen wetgewing rakende verkeershobbels nie en elke Jan Rap en sy maat lê hobbels neer voor sy werksplek, die een hoër en ronder as die vorige ene. Dit verstom my hoe mense Rolls Royse en Ferrari's rondry want dis verregaande om vinniger as een minuut meer as 70 km/h ry, of drie kilometer sonder om oor 'n berg van 'n hobbel te ry!

Praat van mouters, kom na Akkra om uitspattigheid te beleef. As daar 'n oorvloed van geld iewers is, sal dit gesien wees. Goue glinsterende nuwe modelle is orals te sien. Mouters wat nog net in blink tydskrifte verskyn, sal volgende week in hierdie mal verkeer rondrits. Mense drapeer hulleself naby en bo-oor en neem kiekies van hulleself by sulke motors. Vir ekstra effek hoor jy gewoonlik die enjin se gebrul, of die polsende musiek voordat jy die blink motor raak kyk. Daar is ook oorlaaide 1970-lorries met bakke van hout en skewe aste wat krap-ry oor twee verkeerslane. My über taxi is in 2015 geregistreer, en 'n bont plakker dekoreer elke moontlike roeskol, die vere is deurgery, maar die radio werk en die drywer sit vroegoggend met die grootste glimlag en groet die bedelaars soos ou vriende.

Ons kan ietsie leer van verdraagsaamheid en 'n blaadjie neem uit leef-en-laaf-leef se boekie.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com



MANS

In 1845: Ek het vandag 'n buffel geskiet.
 In 1952: Ek het vandag die huis se dak herstel.
 In 2017: Ek het vandag my beenhare geskeer.

PETOORSIE

Petooorsie kom by die huis aan en sy ma vra hom wat hulle vandag by die skool gedoen het.

- O, dit was lekker! Ons het geleer plofstowwe maak!
- Plofstowwe? Jinne, maar julle leer deesdae interessante goed op skool! En wat gaan julle môre by die skool doen?
- Watter skool?

OU CORTINA

Iemand vertel die storie van hoe hy na 'n plaas toe is om 'n 1952 Cortina te gaan koop.

Die kar was in 'n baie goeie toestand en met 'n bietjie werk (olie, water, battery laai) kry hulle hom toe aan die gang.

"En toe ons die radio aansakel, was Hendrik Verwoerd besig met 'n toespraak."

WIL BO BEGIN

'n Arrogante jong gegradueerde gaan na 'n plasingsagentskap en sê:

"Ek het 'n graad in die sosiale wetenskappe en ek soek 'n betrekking waarin ek bo kan begin."

Onderhoudvoerder: "Ek dink jy moet AVBOB probeer. Hulle is laer af in die straat en daar is altyd poste vir grafgrawers."

BEURTLOOS?

Mevrou kom effe laat by die huis en Meneer wil weet waar sy was.

"By die skoonheidsalon. Ek kom nou net daarvandaan." Hy kyk haar op en af en vra:

"Was hulle besig?"

"Nee, hoekom?"

"Dit lyk nie of jy 'n beurt gekry het nie."

Wegstellende aksie

As jy uit jou werk geskop word sodat iemand anders aangestel kan word wat nie die werk kan doen nie.

MARATHON

"Ek is gevra om 'n marathon te hardloop.

"Daar is nie 'n manier nie!" sê ek toe.

"Asseblief," sê hulle toe "dit is vir blinde en gebrekklike kindertjies!"

"Hel," dink ek toe, "hierdie een kan ek wen."

ANDY CAPP deur Mahoney en Kettle



Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Is 'n rekenaar manlik of vroulik?



'n Spaanse onnie was besig om aan haar klas te verduidelik dat in Spaans, anders as in Engels, 'n selfstandige naamwoord manlik of vroulik is.

'Huis' is byvoorbeeld vroulik: 'la casa.'

'Potlood' is manlik: 'el lapiz.'

Toe vra 'n leerling watter geslag 'n rekenaar is.

Pleks van te antwoord het die onnie die klas toe in manlike en vroulike groepe verdeel en hulle gevra om te besluit wat 'n rekenaar se geslag is. Elke groep moes ook vier redes gee vir hul besluit.

Die **MANLIKE** groep het besluit 'n rekenaar is definitief vroulik ('la computadore') omdat:

1. Niemand behalwe sy ontwerper verstaan sy interne logika nie.
2. Die taal waarmee rekenaars met mekaar gesels word net deur hulle verstaan.
3. Selfs die kleinste foutjies word in die langtermyn geheue gestoor vir moontlike latere gebruik.
4. Sodra jy jou tot iets verbind, vind jy dat jy die helfte van jou salaris bestee om al die sagteware aan te koop.

(DIT WORD NOU INTERESSANTER)

Die **VROULIKE** groep het besluit dit moet manlik ('el computador') wees, want:

1. Om enigiets met hulle uit te voer, moet jy hulle aanskakel.
2. Hulle beskik oor 'n klomp data, maar kan steeds nie vir hulself dink nie.
3. Hulle moet jou help probleme oplos, maar die helfte van die tyd is HULLE juis die probleem.
4. Sodra jy jou tot een verbind, kom jy gou agter dat jy beter kon gedoen het as jy bietjie gewag het.

DIE VROUE HET GEWEN.

Vreemde vrae

1. Wat maak jy as 'n bedreigde dier besig is om 'n bedreigde plant te eet?
2. Wat noem mens 'n vlieg sonder vlerke? 'n Sit?
3. Hoekom sluit hulle die toilette by diensstasies? Is hulle bang iemand maak hulle skoon?
4. Wat wás die beste ding voor gesnyde brood?

BRANDEWYN

'n Besoeker uit die stad gesels met sy plaasvriend.

"Dis darem seker heerlik vreedsaam hier op die platteland," sê hy.

"Ja," sê sy vriend, "maar daar is natuurlik ook nadele. As jy 'n brandewyn wil skink, is dit 'n uur se ry tot in die dorp."

"Maar hoekom hou jy nie sommer 'n bottel brandewyn op die plaas aan nie?"

"Brandewyn hou net nie op 'n plaas nie, Boet."

Die ware storie van ons eerste trein

Houtspore en osse!

Suid-Afrika se eerste trein het in 1860 van Durban na die Punt geloop - reg? Nie heeltemal nie!

KLINK of dit 'n groot makietie was, daardie dag in 1860 toe die eerste trein in wat later die politieke eenheid Suid-Afrika sou word sy loop gekry het. Die nedersetting in Port Natal - soos Durban destyds geheet het - was maar skaars 15 jaar oud en daar het nog nie alte veel in die lyn van vermaak gebeur nie.

Die militêre orkes van die 85ste regiment het heeldag op die Markplein opgetree. Die trein was gelaai met almal wat destyds iemand was.

Die geskiedenisboeke vertel die datum was 26 Junie 1860, maar hulle vertel nie dat daar vier jaar tevore reeds 'n trein in die einste Port Natal geloop het nie . . . Want eintlik kom die eer vir die eerste trein in die land toe aan 'n man met die naam John Milne - al beantwoord hierdie trein dalk nie heeltemal aan almal se definisie nie.

Toe daar besluit is om die Port Natalse hawe se ingang te verdiep, moes die geskikste bron van klip na 'n stil plekkie in die baai vervoer word, van waar dit per veerboot verder geneem is. So is daar met uitgrawings vir die spoor begin en is Milne se trein gebore.

Eers moes die spore gelê word. Hulle was van hout, en dit het nie sommer so sonder probleme gebeur nie. Die kontrak is toegeken aan 'n algemene nutsman wie se enigste aanspraak op roem was dat hy 'n wadrywer vir Dick King was, en 'n gedroste matroos.

Hulle het gesukkel om die houtspore reguit te saag en eers die saag en later mekaar die skuld gegee - soseer dat hulle mekaar lelik verniel het in die talle onderonsies wat gevolg het.

Agt waens en osse

Halt is geroep toe die saagkoste die begrote bedrag vyf keer oorskry het, en die kontrak is uiteindelik oorgedra aan ene Charles Gregory en William Hart. Agt waens met houtwiele en flense is volgens Milne se spesifikasies gebou, elkeen met 'n vragkapasiteit van drie ton.

En so het Milne se trein in 1856 sy eerste vrag vervoer - 'n hele vier jaar voordat die eerste amptelike trein geloop het. Sonder fanfare, op houtspore wat 122 cm (4 vt) uitmekaar was en getrek deur agt osse. Die spoor was net minder as 1,6 kilometer lank en het al teen die helling van die Bluff geloop.

'n Vars span osse, aangedryf deur Zoeloe-arbeiders met swepe, het weekliks oor die baai geswem sodat die ander span bietjie "stoom" kon afblaas.

Slim sêgoed van bekende mense

Die geheim van 'n goeie preek is om 'n goeie aanhef en 'n goeie einde te hê; en om hulle so na aan mekaar as moontlik te hê.

- *George Burns*

Kersvader het die regte idee. Besoek mense net een keer per jaar.

- *Victor Borge*

Wees versigtig as jy boeke oor gesondheid lees. Jy sterf dalk aan 'n drukfout.

- *Mark Twain*

Trou gerus met 'n vrou. As jy 'n goeie een kry, sal jy baie gelukkig wees. As jy 'n slegte een kry, sal jy 'n filosoof word.

- *Sokrates*

Ek is deur 'n regter getrou. Eintlik moes ek vir 'n jurie gevra het.

- *Groucho Marx*

My vrou het 'n effense spraakgebrek. Sy hou so nou en dan op praat om asem te haal.

- *Jimmy Durante*

Baie ervare man soek plaaswerk

Ek soek plaaswerk en ek het goeie kwalifikasies. Daar is niks wat ek nie kan doen nie. Ek het ervaring in:

Die verkeerde perd opsaal.

Te veel hooi op die vurk laai.

'n Eiertjie lê.

Jongosse inspan en katte skiet.

Dan kan ek ook ou koeie uit die sloot grawe en met die hele mandjie patats uitkom.

Ek sal deur die wingerd loop met wingerdgriep en die wrange vrugte pluk.

Vroeg smôrens sal ek die room afskep en op eiers loop.

Ek kan natuurlik ook balke saag, twak verkoop, appels swaai en jou wys waar Dawid die wortels gegrawe het.

My spesialiteit is om pêrels voor die swyne te werp en met 'n ander man se kalwers te ploeg.

Ek sal met die hoenders gaan slaap!

Ek sal vir jou die bul by die horings pak.

My weiveldondervinding is om vir wolf skaapwagter te maak en ook om agterosse in die krale te kry nadat hulle by oom Daantjie in die kalwerhok was.

Ek kan skape tel.

Ek kan dié dam onder die eend uitruk en ek kan hond haaraf maak.

Ek is 'n perd van 'n ander kleur, ouens soos ek is so skaars soos hoendertande. Ek werk vir 'n appel en 'n ei!

Laat weet my asseblief spoedig, ek kan enige tyd begin, net nie hierdie Saterdag nie. Jakkals het my genooi vir sy troue, hy trou met wolf se vrou.

Baie dankie.

DUBBELE BETEKENISSE

1. VOORUITBEPLANNING

Vroulik Haal die wasgoed af voordat dit begin reën.

Manlik Koop twee kaste bier voor die langnaweek begin.

2. 'N ROMANTIESE AAND

Vroulik Kersligete, sjampanje, agtergrondmusiek, kaggelvuur, skuimbad, seks.

Manlik Seks.

3. VERMAAK

Vroulik 'n Goeie fliek, konsert, opvoering of boek.

Manlik Enigiets wat 'n mens met 'n blik of 'n glas in die een hand kan doen.

4. FLATULENSIE

Vroulik 'n Embarrasserende newe-effek van slegte spysvertering.

Manlik 'n Oneindige bron van vermaak, veral tydens *male bonding*.

5. WATSENAAMS

Vroulik Enigiets onder 'n kar se enjinkap.

Manlik Die ding waarmee 'n bra vasgemaak word.

VERSEKERING

Twee vroulike operasangers gesels voordat die opera begin.

"Ek hoor jy het jou stem vir R100 000 verseker," sê die een.

"O ja, ek het!" antwoord haar mededinger.

Waarop die eerste een smalend vra: "Goeiste, en wat het jy toe met die geld gemaak?"

Daar bestaan nie iets soos pret vir die hele gesin nie.

-- Jerry Seinfeld



Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Die maand se eerste vanne ontvang:

Van den Berg vandenberg.coen@gmail.com

Ek is op soek na nasate van die Van den Berg en Hartsenberg familie van Louis Trichardt. My Oupa was Coenraad Jacobus vd Berg en Oupa grootjie was Ignatius Petrus vd Berg. My Ouma was Cornelia Susanna Maria gebore Hartsenberg 10 Des 1924.

Barnard bbproperties@iway.na

Ek soek nog die volgende:

- Theunis Jacobus Petrus geb. 6.1.1909 oorl 2.1.1965 Getroud Martha Elizabeth Lubbe geb 8.11.1913 oorl 7.7.1877. Weet van 1 seun Marthinus Christoffel geb 11.2.1933 oorl 25/26.12.1950. Op graf kom voor/staan "Tienie" tussen groot 2 stene.
 - Andries Hendrik Jacobus Barnard geb 21/27.8.1917 oorl 17.4.1980. Ek verstaan hy het 'n dogter Cecillia.
 - Hendrik Gysbertus Barnard geb 31.12.1926 oorl 1.1.2002. Vrou: Anna Marie.... getroud 2.7.1971 oorl 1977
 - Andries Jacobus Barnard geb 15.7.1877 Potchefstroom omgewing, gedoop 30.1.1878 Hervormde kerk Potch
 - Anna Magdalena Elizabeth Barnard geb 6.11.1879 gedoop Herf. Kerk Potch op 2.2.1887 getroud Stefanus Cornelius Gouws
 - Maria Catharina Barnard geb 24.10.1886 gedoop Herf.Kerk Potch op 16.1.1887 getroud Johannes Stefanus du Toit
 - Johannes Christiaan Barnard geb 15.5.1845
 - Hendrik Christoffel Barnard geb 18.4.1847
- Enige info of familie afstammeling kan my asb kontak.

Botha japielucy@gmail.com

My naam is Jacob, Johannes Lodewyk Botha (68 jaar oud)
My vader Was gebore op 5 Junie 1918 en sy name was Marthinus, Christoffel Cornelis Of Cornelius? Sy vader was Jacob Johannes Lodewyk Wat gesterf het toe my vader 9 jaar oud was. My Moeder se name was Johanna, Herculina La Gransie. Indien jy nog besonderhede soek epos my asseblief. Ek is tans 68 jaar oud. My vader het in Smithfield in die Vrystaat groot geword saam met sy moeder Francina Johanna Botha nee De Bruyn My oupa (pa se pa) het ongeveer 1925 omgekem

Meller raelene.hammond@icloud.com

Addisioneel: Die familie het 'n eierfabriek in Potchefstroom besit. Ek weet nie presies wanneer nie, maar ek dink hulle het dit nog ongeveer 1950 besit. Ek weet dat een van hulle name Paul was en dat hulle Joods was

Nog vanne wat ingekom het: Mathews, Fourie, Du Plooy.

Gaan na www.onsdorp.com/stamboom en kyk uit vir jou eie van.

VROUENS

Een van die raaisels van die lewe is hoe 'n 2 kg boks sjokolade 'n vrou 10 kg kan laat aansit.

Die beste manier vir 'n vrou om haar sorge te vergeet, is om skoene te dra wat haar druk.

SLIM EN SKERP

"Die mens is op aarde geplaas om 'n sekere hoeveelheid werk te doen. Op die oomblik is ek so ver agter ek sal nooit doodgaan nie."

"Ons kan nie almal helde wees nie, iemand moet langs die pad staan en hande klap."

"Sy't 'n lang gesig soos 'n bok wat afdraand vreet."

"Hy dink die son skyn by sy agterent uit - maar dis eintlik net die Duiwel met 'n flitslig."

AGTEROS

Net voor uitspantyd



Toe hulle die aand ná die uitstappie in die restaurant by sy kinders se voorstedelike huis kom, het Jannie die kosmandjie waarmee hulle van die plaas af weg is in die kombuis nader getrek . . .

Deur **JOHAN VAN WYK**

Die swetende kokkedore se geskarrel rondom die kospotte op Prins Albert terwyl hulle prentjiekos maak wat Picasso na sy asem sou laat snak en geraam behoort te word, het my aan Jannie Blomfontein herinner.

Toe hy en ant Kotie uit die Onderveld by sy kinders in die Kaap kom kuier en dié hulle uitneem na 'n deftige restaurant met sagte musiek en dowwe beligting (om die skok van die rekening te versag) en die kelner 'n spyskaart so groot en dik soos 'n Nederlandse Statebybel voor hom neersit, het hy lank gekyk na die pryse en vreemde name in sierskrif wat soos vloekwoorde in vreemde tale gelyk het.

Toe hy ná 'n ruk sê "Bring maar sommer vir my 'n bord gewone kos" het die kelner sy neus opgetrek en sy kinders gebloos terwyl ant Kotie haar oë groot gemaak en hom onder die tafel op sy skeen geskop het.

Ma's vat altyd kinders se kant en gang saam met hulle op teen jou wanneer dit lyk of jy hulle in die openbaar in die skande kan steek.

Myne doen dit ook. Veral as ek luidkeels protesteer wanneer die rekening kom en hulle jou probeer stilmaak met: "Pa, asseblief!"

Die skyn van ordentlikheid moet teen elke prys gehandhaaf word.

Jannie Blomfontein se moeilikheid – en by implikasie ook myne – was dat hy in beginsel teen uiteet gekant is.

Soos die balhorige tiener gesê het toe sy ma ná kerk by hom wou weet waarom die predikant gepreek het. Toe sê hy: "Oor sonde, Ma." En toe sy wou weet wat hy daarvan gesê het: "Ma, hy sê hy is daarteen."

Dis nie al nie. Jannie Blomfontein het met skaap in die Roggeveld geboer. Wanneer 'n tweetandmofhamel geslag is, nadat hy met sy hand oor die saal gevoel het of die vetlaag dik genoeg is, is die skaap binne tien dae van die harslag, verby die afval, boude, blaaië en ribbe tot by die nek deurgewerk saam met rys en aartappels, en Japie se gunsteling vir 'n soetigheidjie in die winter.

Toe hulle die aand ná die uitstappie in die restaurant by sy kinders se voorstedelike huis kom, het Jannie die kosmandjie waarmee hulle van die plaas af weg is in die kombuis nader getrek en die oorskiet van hul padkos, 'n koue skaapnek by brood en soet, swart koffie, met sy knipmes afgeëet, die glinsterende vettigheid om sy mond met 'n vadoek afgevee en 'n gelukkige man gaan lê.

Dis min of meer ook wat ek doen nadat ons prentjiekos in 'n restaurant geëet het teen 'n prys wat ek vroeër maandeliks verdien het.

Dit herstel telkens my vertroue – nie in Kokkedore en MasterChefs nie, maar in gewone kos.

Ná prentjiekos gister in die Mount Nelson was dit die spierwit sagte vet, uitgebraai van 'n persieskaap se stert, gemeng met Lyle's-gouestroop op brood en vanoggend die kaiings oor my pap. Gewone kos, ryk en lekker, pure plaas.

KAMMANUUS EKSTRA:

www.onsdorp.com/ekstra.html